**Maandag 11 Desember**
**Skrifgedeelte: Lukas 17:11-19**
**Fokusgedeelte: Lukas 17:15 (AFR83/2020)**
**Dankbaar vir God se ewige verlossing**

Ons vra elke dag vir die Here. Ons vra vir gesond word, vir ons daaglikse brood, ensovoorts. Al ons nood gooi ons in oorvloed voor die voete van ons Vader.

In Lukas 17 lees ons van tien mans wat met hulle nood na die Here toe gaan. In sy almag maak Jesus hulle gesond. Slegs een van hulle draai terug van sy pad na die priesters toe om Christus te kom dank dat Hy hierdie nood van hulle kom wegneem het. Tien word gesond gemaak, maar net een kom gee God die eer vir hierdie genade wat aan hom bewys is.

Christus wys deur hierdie wonder die weg na sy genadetroon vir die tien melaatses. Hulle sien die pad na die ewige troon, waar aardse tydelike nood hulle nie meer sal oorval nie. Nege van die mans kyk egter vas in die tydelike aard van hulle nood. Hulle sien nie dat hulle eintlik verlos kan word van hulle ewige nood nie.

Die tiende man kyk verby sy plaaslike, tydelike nood en hy kyk vas teen die voete van Jesus. Daar by sy voete dank hy die Een wat hom van sy tydelike nood verlos het en ook die weg oopgemaak het uit die ewige nood uit. Daardie ewige genade wat hy ontvang, is veel meer waardevol as net die melaats-vry wees. Hy het gevra dat Jesus sy liggaam moet gesond maak, maar die Here maak eintlik sy siel gesond.

Christus het ons hele lewe “gesond” gemaak deur sy eie pyn en lyding wat Hy aan die kruis verduur het. Kom ons kyk vir ’n slag verby ons aardse nood en sien die ewigheidswaarde van die Here se genade. Elke dag leef ons in daardie ewige genade van die Here. Elke dag val ons voor die Here se voete neer en sê dankie.

*Sing: Skrifberyming 1-3:1, 3*

*Ds. J Cronje (Jaco) (Bloempark)*